VILLA BULLETIN 10

Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village *Nr 10 September 2019*

Inligtingsessie van 25 September

Terugvoering aan HEV en inwoners

Gereelde inligtingsessie hou eienaars en ander inwoners op die hoogte van sake en lig die sluier oor wat in die Villa beoog word. Die Raad van Direkteure, wat algemeen bekendstaan as die Direksie, werk hard om die oord goed te bestuur.

Die voorsitter van die Direksie, Johan Coetzee, het verlede week by ‘n inligtingsessie terugvoering gegee. Hier volg berigte oor dié sake.

Veselbekabeling



In ooreenstemming met elektroniese ontwikkeling is veselbekabeling aangelê. Fase 1 sal die opgradering van die kantoor se stelsel moontlik maak. Dit behoort teen Desember 2019 beskikbaar te wees vir inwoners om daarby in te skakel. Inwoners kan hul behoefte bepaal en dan die diensverkaffer van hulle keuse gebruik. In die kabelnetwerk sal daar ook 60 punte wees waar kameras mettertyd na behoefte geïnstalleer kan word.

Tuindienste

Die oord se tuine is in vyf dele opgedeel. Die kontrakteur lewer ook die volgende bykomende dienste aan inwoners:

Privaat tuinwerk en was aan die buitekant van voertuie: R40 per uur.
Vir ‘n reëling: Skakel Kaegen by 060 779 4997.

Asseblief: Respekteer mekaar se tuine en laat gerus die plantjies en blomme met rus.

As u wil: Neem ‘n stukkie tuin op gemeenskaplike eiendom “aan” en maak dit gereeld binne toegelate ure nat.

City cleansing

Lesers sal onthou dat die Metroraad die sogenaamde “cleansing levy” by alle eienaars se munisipale rekenings gevoeg het. Na lang onderhandelings het die Metroraad besluit om dit met ingang 1 Julie 2019 af te skaf. Daar word egter nog R22 per eenheid betaal wat by die oordrekening gevoeg word. Daar is besluit om hierdie bedrag eers vanaf 1 Maart 2020 by eienaars se heffing te voeg.

Lees en bêre hierdie Bulletin (nommer 10)

Inligting hierin vervat kan handig te pas kom. Liasseer of hou dit op ‘n veilige plek

Villa Bulletin

Verslae en bladuitleg: Johann Lemmer

Stuur kommentaar aan lemmerj@mweb.co.za

Wil u help om die oordbussie te bestuur?

Vereistes en ander besonderhede by Oordbestuurder beskikbaar.

HEV-bestuur

Daar is vyf direkteure wat aanspreeklik is vir portefeuljes. Direkteure het ook direksiekomiteelede wat hulle bystaan met aspekte van die bepaalde portefeuljes.

Voorsitter: Johan Coetzee
Komiteelid: Klasie Basson
Ondervoorsitter: Jan Buter
Komiteelede: Ria Andrews en Johann Lemmer
Direkteur: Chris Höll
Direkteur: Colleen McGillivray
Direkteur: Casper Erasmus
Oordbestuurder: Ricus Groenewald.

‘n Volledige organogram is op die kennisgewingbord.

Oor meubels, duiwe, straatligte, kameras, braaiarea, toemaak van stoepe en kragopwekker

Stoffering van meubels

Ons meubels is ses jaar oud en van hulle in die sorgeenheid en sitkamer moet aandag geniet. Die oorspronklike vervaardiger staan ons in die proses by.

Die stoffering ens. sal in fases geskied. Van die dame-inwoners is genader om insette in die verband te lewer en die sitkamer behoort na dese kleurryker te wees.

Duiweprobleem

Hierdie probleem is aangespreek maar nog in 'n proses van hantering. Duiwe is uit die plafonne verwyder, dit is skoongemaak en gestofsuig waarna kiemdoders ("foggers") daarin geplaas is. Die openinge is toegemaak. Daar word tans aandag daaraan gegee om duiwe wat nog daar is vankant te maak.

GROOT ASSEBLIEF

Moenie die duiwe voer nie, hulle gaan nesmaak en siektes versprei!

Straatligte

Die verdere installering van straatligte word in fases gedoen. Elektriese krag word nou vanaf kragbokse herlei na ligte wat dag/nagsensors het. Voorbeelde hiervan is in Bokmakieriestraat in die omgewing van Villanommer 17 opgerig. Gaan kyk gerus daarna en gee terugvoering asseblief.

Kameras

Oostelike muur: Die kameras wat hier aangebring is deur ons bure, Zambesi-landgoed, moniteer net beweging en maak nie inbreuk op inwoners se privaatheid nie.
Spoedkameras: Daar is oorweeg om kameras te gebruik om spoed te meet, maar dit is baie duur. Daar sal dus volstaan word met spoedhobbels waarvan drie nog opgerig moet word. Daar is ook spieëls by strategiese plekke aangebring wat die veiligheid van die verkeer bevorder.

DRINGENDE VERSOEK:

Ry versigtig binne die spoedbeperking en gee voorkeur aan voetgangers omdat hier nie stappaaie is nie.

Braaiarea, stoepe, wassery, kragopwekker

Daar word tans ondersoek ingestel na die opgradering van die braai-area, vergroting van die wassery, toemaak van stoepe en kragopwekker.

Kundiges word geraadpleeg oor die ontwerp en koste van hierdie beplande projekte. Sodra voldoende inligting beskikbaar is, sal die eienaars by 'n Spesiale Algemene Vergadering hieroor geraadpleeg en 'n besluit geneem word.

Inwoners se voorstelle vir name vir

Strate, stegies, parkie en stoepe

Name vir strate, stegies, parkie en stoepe behoort te help om dié plekke makliker te vind sonder lang verduidelikings. ‘n Kompetisie is uitgeskryf en almal het die geleentheid gehad om name voor te stel. Gevolglik is die name van elk van die drie areas in die oord gekoppel aan voëlname, blomname en dierename. Die name is in ‘n alfabetiese orde toegewys. Hieronder is die naam van die straat met die huisnommers in hakies wat in daardie straat of laan geleë is. Die volledige plan waarop die besonderhede aangedui is, is op die kennisgewingbord.

Voëlname

Albatros (26 tot 40, 303, 304)
Arend (3 tot 11)
Bokmakierie (1,2, 12 tot 25, 41 tot 51)
Drawwertjie (52 tot 81)
Edelvalk (98 tot 104)
Elsie (82 tot 91)
Fisant (92 tot 97)
Flamink (105 tot 107)

Blomme

Gousblom (108 tot 110)
Hiasint (111, 200 tot 202)
Iris (112, 113, 193 tot 199)
Jasmyn (114 tot 119, 186 tot 192)
Kosmos (120 tot 127, 179 tot 185)
Lelie (128 tot 135, 172 tot 178)
Madeliefiesingel (136 tot 171)
Protea (hoofstraat): 212 tot 228, 270

Perk Up

Geniet koffie, koek en versnaperinge in ons eie Koffiewinkel

Elke dag 08:00 - 17:00

Diere

Renoster (229 tot 240, 243 tot 245)
Rooibok: 246, 247, 249 tot 253, 255 tot 259, 261 tot 263)
Seekoei (264, 265, 267 tot 269, 271 tot 275)
Tierboskat (276, 302)
Wildehond (209 tot 211)
Ystervark (203 tot 208)

Kompetisiewenners

Mulder Kotze Villa 230: Straat-name met ‘n tema per area van voëls, blomme en diere: Prys: Elektrisiteit ter waarde van R300:

Tina Braak Villa 25: Stoepname (wanneer dit moontlik kom): Blou-, Geel-, Rooi-, Groen en Oranjekamer: Prys: Brekfis en koffie vir twee.

Jimmy Hudson Villa 5: Parkie in Noord-oostelike hoek: Kiepersol. Prys: Koffie en koek vir twee.

Miriam Potgieter Villa 301: Voorstel om die gange by die ryhuise alfabeties te nommer en stegies te noem: Prys: Geskenkbewys vir koffie.

Kontroleer selfoonnommers by kantoor

Dis baie belangrik dat inligting soos selfoonnom-mers gereeld op datum gehou word. Daar word deurlopend met inwoners gekommunikeer en elkeen wat hier woon moet per teksboodskap na ‘n selfoon op kort kennisgewing bereik kan word. Maak gerus ‘n draai by die kantoor en maak seker dat alle inligting opgedateer is.

Troeteldiere, noodsleutels, webblad, fb en verfprogram

Oor honde en katte

Toestemming om troeteldiere aan te hou moet verkry word. Die voorwaardes is dat diere nie ‘n oorlas moet wees nie en te alle tye aan leibande onder beheer van die hanteerder is.

Dit is ‘n voorreg om ‘n troeteldier aan te hou en ‘n vriendelike omgewing te skep waar ander inwoners dit ook sal waardeer. Daarom behoort eienaars graag agter hulle diere skoon te maak.

Indien hulle dit nie doen nie en betrap word, op heterdaad of op ‘n CCTV-kamera, sal daar ernstige gevolge wees. Eienaars sal ook hulle hondekinders leer om nie onnodig en aanhoudend te blaf nie. Volgens die blad “Business Insider SA” kan ‘n geweldige groot boete hiervoor opgelê word met selfs tronkstraf as ‘n alternatief. Wie wil nou ‘n kriminele rekord hê as gevolg van die gedrag van ‘n hondekind?

Noodsleutels

Die oord het ‘n verantwoordelikheid om inwoners in noodomstandighede by te staan. As die paniekknoppie byvoorbeeld gedruk word, is die sekuriteits- en gesondheidsdienste binne minute op die toneel. As hulle nie toegang tot die wooneenheid kan kry nie, word daar van hulle verwag om geweld te gebruik.
Om dit te voorkom word daar van inwoners verwag om duplikaatsleutels van die voordeur en veiligheidshek by die sorgsentrum in te dien vir gebruik in noodgevalle. Dit is ook noodsaaklik dat die voordeur en veiligheidshek se sleutels verwyder word nadat dit gesluit is. As hierdie prosedure nie gevolg word nie, word daar van inwoners verwag om ‘n vrywaringsvorm te onderteken.

Webwerf

www.bougainvilla-aftreeoord.co.za

Bougainvilla het ‘n webblad wat ‘n spieëlbeeld is van die oord en sy fasiliteite. Belangrike dokumente soos die Akte van Oprigting/MOI asook relevante wette ingevolge waarvan aftreeoorde bestuur word, is daar ter insae. Die Leefstylgids en Gedragskode *(Code of Conduct)* kan ook daar besigtig word. Inligting oor die oord se spesiale DSTV *(Multichoice)*-pakket asook alle ander aansoekvorms is daar beskikbaar. Kom blaai gerus daardeur.

Facebook (Bougainvilla Aftree-oord)

Hierdie medium is baie gewild en brokkies inligting en foto’s word gereeld bygewerk. Word deel van hierdie avontuur deur na die Bougainvilla Aftree-oord se blad te gaan en dit te “like”.

.

Verfprogram

Die woonstelblokke is reeds binne geverf. Tans word aandag gegee aan die wit strepe op die pad, dit word ook geverf. Vroeg in die nuwe boekjaar kom die fasieborde, geiserkaste en *flashings* aan die beurt asook die houtheinings.